

28 September

Galasiërs 5:13-26

Christelike vryheid teenoor losbandigheid

Wanneer ons oor Christelike vryheid praat, meen sommige gelowiges dit beteken dat hy eenvoudig kan doen wat hy wil, soos hy wil en wanneer hy wil. Wie só dink, kyk die werklikheid mis dat ons in 'n deurlopende stryd gewikkel is teen ons drie doodsvyande, die Satan, die wêreld wat teen God in opstand is en ook ons sondige natuur (HK, Sondag 52).

Ons probleem is juis hierdie derde doodsvyand, die verraaier in ons wat poog om ons weerstand teen die kwaad te laat verkrummel.

Christus het weliswaar hierdie doodsvyand oorwin (vers 24). Ons sondige natuur weier egter om sy eie dood te aanvaar. Hy wil uit sy dood opstaan. Hy wil homself in ons laat geld tot ons dood toe - die ewige dood in die hel.

Die Heilige Gees woon in elke gelowige (Rom. 8:9). Hy lei ons om ons geloof te bely en om daardie geloof in ons doen en late uit te leef. Hy lei ons om as verlose sondaars dankbaar tot die eer van die Here te leef.

Natuurlik is dit moontlik om die leiding van die Heilige Gees te weerstaan en Hom só te bedroef. Daarenteen is dit moontlik om toe te gee aan die begeertes van die sondige natuur. Vandaar dan ook die oproep in vers 16: "Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor die begeertes van julle sondige natuur nie".

Sing: Psalm 25:6

Ds. J.H. Jordaan (Kimberley)